


Josua 11:16-12:24 - Josua het die hele land ingeneem en as besitting aan Israel gegee

Die skrywer neem bestek op van die hele gebied van Kanaän wat verower is deur Josua. Dit gee 'n oorsig van al die oorwinnings wat behaal is. Let op dat dit twee keer vertel word. Die eerste keer word dit in breë trekke vertel: Jos 11:16-23. Die tweede keer word dit in meer detail vertel met 'n lys van die gebiede en konings waarmee afgesluit word: Jos 12:1-24.

Die volgende twee kaarte kan jou help om 'n prentjie te kry van wat hier gebeur het. Die eerste is van Kanaän vóór die Intog en Vestiging van Israel. Die tweede is van die drie oorhoofse veldtogte van Josua waar hy eers die middel van die land verower het, en daarna die suidelike en noordelike koalisisies platgevee het.

Canaan at the time of Conquest



J Grant "Notebook: The Conquest of Canaan" <http://www.believersmagazine.com>

The Conquest of Canaan



J Grant "Notebook: The Conquest of Canaan" <http://www.believersmagazine.com>

?n Paar opmerkings oor die beskrywing van die oorwinnings in Kanaän

- Die teologiese perspektief op die oorloë was dat dit die Here was wat die stede en nasies in verzet teen Israel laat kom het. Dit was deel van sy bedoeling dat hulle opstand teen sy wil daardeur duidelik sou wys. Hulle moes daarom ook sonder genade uitgeroei word om die land van hulle verderflike invloed te bevry.
- Josua se oorwinning oor die Enakiete in die berge word uitgesonder, want dit was hulle wat die verkenners aanvanklik bang gemaak het en Israel 40 jaar in die woestyn gekos het (vgl [Deuteronomium 9](#) ? [Moenie hardnekkig of verwaand raak nie](#).)
- Dit is duidelik dat die bergagtige gedeeltes eerste verower is en daarna die vlaktes.
- Josua het die hele land ingeneem soos die Here vir Moses beveel het, en toe die land as besitting aan Israel gegee, vir elke stam 'n deel, iets wat in die volgende deel van Josua aandag sal kry.

?Die land kon toe rus van oorlog?, hoewel die ?skoonmaak?-veldtog nog aandag moes kry. Elkeen het egter voortaan in sy eie gebied geveg (vgl Kaleb in Hebron ? Jos 14:6-15; Otniël in Debir ? Jos 15:13-19), nie meer as ?n geheel nie, behalwe as die Here dit van tyd tot tyd met die rigters van hulle gevra het.

- Die finale vestiging in die land het dus langer geduur as wat ?n mens uit die opsomming van hierdie oorwinnings sou kon aflei. Dit wys Josua 13 sowel as die boek Rigters.

Die vorige oorwinnings oor die konings oos van die Jordaan onder die begeleiding van Moses word ook genoem as grondslag vir die beskrywing van die uitdeling van die land ook aan die stamme Ruben en Gad sowel as aan die halwe stam van Manasse.

Die beskrywing van die oorwinnings onder die begeleiding van Josua sluit af met ?n lys van die nasies en konings wes van die Jordaan wat deur Josua en die Israeliete verslaan is. Altesaam een en dertig konings word genoem.

Toepassing

Die verhaal van Josua en sy oorwinnings herinner ons as NT gelowiges aan die belangrikheid van die aflê van die ou sondige lewe en die opneem van die nuwe heilige lewe ([Kolossense 3:1-4:1 ? Leef as nuwe mense](#), veral Kol 3:5-17).

- Dit is 'n geestelike stryd onder leiding van die Heilige Gees wat in ons liggame sy intrek neem (1 Kor 6:19-20).
- Dit is 'n stryd teen die sondige praktyke van ons sondige natuur wat ons deur die Heilige Gees moet aflê en doodmaak (Rom 8:12-17).
- Dit is 'n offer van ons liggame aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is, soos dit eenmaal waar was van die Leviete wat as beweegoffer aan God gewy is. Dit sluit die vernuwing van ons denke in (Rom 12:1-2).
- Dit is 'n stryd teen die magte wat hierdie wêreld in hulle greep het waarin ons fokus op die sewe dinge van die geloofstryd: waarheid, vrypraak, getuienis, geloof, verlossing, God se Woord en gebed ([Efesiërs 6:10-24 ? Soek julle krag in die Here en in sy groot mag](#)).]

God se hemelse erfenis is daar vir almal wat in Jesus glo. Laat ons elke las van ons afgooi en die sonde wat ons so maklik verstrik en die wedloop wat vir ons voorlê, die inbesitneem van ons hemelse erfenis, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus die Begin en Voleinder van nie net óns geloof nie, maar van dié geloof ([Hebreërs 12 ? Hardloop die wedloop wat vir ons voorlê met volharding](#)).